

AL IN DIE RONDTE



Versier 'n spieëltafel
of bedkassie
met dié lappie

BENODIGDHEDE: 2 bolle Twilley's Lys-twist; 1 hekelpen van 2 mm.

L.W.: Dit is gerade om al die garing wat benodig word gelyktydig aan te koop.

MATE: Die lappie is 29 cm in deursnee.

SPANNING: Eerste 3 rondtes = 5 cm. Gaan jou spanning sorgvuldig na en indien nodig, gebruik hekelpen wat by spanning pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; lb - langbeen; gs - glipsteek; herh - herhaal; sp(s) - spasie (spasies); st(e) - steek (steke); kb - kortbeen; dsl - dubbelslagsteek; gp(e) - groep (groepe); vlg - volgende; herh - herhaal; weersk - weerskante.

AANWYSINGS: Beginrondte: 8 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 4 ks (1 lb, 1 ks) 15 keer in ring, gs in 3e van 4 ks — 16 1-ks-sps.

2e rondte: gs in 1-ks-sp, 5 ks, (1 lb, 2 ks) in elke sp rondom, gs in 3e van 5 ks.

3e rondte: gs in 1 ks en in sp 6 ks, (1 lb, 3 ks) in elke sp rondom, gs in 3e van 6 ks.

4e rondte: gs in sp, 3 ks, 4 lb in dieselfde sp as gs, *5 ks, slaan 1 sp oor, 5 lb in vlg sp; herh van * 6 keer, 5 ks, gs in bopunt van 3 ks.

5e rondte: 3 ks, 1 lb in elk van vlg 4 lb, *1 lb, 5 ks, 1 lb in sp, 1 lb in elk van vlg 5 lb; herh van * rondom, eindig met 1 lb, 5 ks, 1 lb in sp, gs in bopunt van 3 ks.

6e rondte: Herh 5e rondte, maar hekel 7 lb i.p.v. 5 lb.

7e rondte: 3 ks, 1 lb in elk van vlg 5 lb, *5 ks, 1 kb in sp, 5 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 7 lb; herh van * rondom, eindig met 5 ks, 1 kb in sp, 5 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb, gs in bopunt van 3 ks.

8e rondte: 3 ks, 1 lb in elk van vlg 4 lb, *5 ks, 1 lb in elk van vlg 2 sps, 5 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 5 lb; herh van * rondom, eindig met 5 ks, 1 lb in elk van vlg 2 sps, 5 ks, gs in bopunt van 3 ks.

9e rondte: gs in vlg lb, 3 ks, 1 lb in elk van vlg 2 lb, *6 ks, 1 lb in lb, 1 lb tussen lb, 1 lb in lb, 6 ks, slaan 1 lb oor, 1 lb in elk van vlg 3 lb; herh van * rondom, eindig met 6 ks, 1 lb in lb, 1 lb tussen lb, 1 lb in lb, 6 ks, gs in bopunt van 3 ks.

10e rondte: 3 ks, *slaan 1 lb oor, 1 lb in vlg lb, 9 ks, 1 lb in vlg lb; herh van * rondom, eindig met 9 ks, gs in bopunt van 3 ks.

11e rondte: 9 ks, 1 lb in sp, *6 ks, 1 lb tussen lb, 6 ks, 1 lb in sp; herh van * rondom, eindig

met 6 ks, gs in 3e van 9 ks.

12e rondte: 4 ks, 4 dsl in dieselfde st as 4 ks, * 10 ks, slaan 2 sps oor, 1 kb in vlg lb, 10 ks, slaan 2 sps oor, 5 dsl in vlg lb; herh van * rondom, eindig met 10 ks, slaan 2 sps oor, 1 kb in vlg lb, 10 ks, gs in bopunt van 4 ks.

13e rondte: 5 ks, (1 dsl, 1 ks) in elk van vlg 4 dsl, *1 dsl in sp, 10 ks, 1 lb in elk van vlg 2 sps, 10 ks, 1 dsl in sp, 1 ks, (1 dsl, 1 ks) in elk van vlg 5 dsl; herh van * rondom, eindig met 1 ks, 1 lb in sp, 10 ks, 1 lb in 2 sps, 10 ks, 1 dsl in sp, 1 ks, gs in 4e van 5 ks.

14e rondte: 5 ks, (1 dsl, 1 ks) in elk van vlg 5 dsl, 1 dsl in sp, *8 ks, 1 lb in vlg 2 sps, 8 ks, 1 dsl in sp, (1 ks, 1 dsl) in elk van vlg 7 dsl, 1 ks, 1 dsl in sp; herh van * rondom, eindig met 8 ks, 1 lb in 2 sps, 8 ks, 1 dsl in sp, 1 ks, 1 dsl in dsl, 1 ks, gs in 4e van 5 ks.

15e rondte: Herh 14e rondte, maar hekel ekstra dsl, 1 ks, aan weersk van gpe en 6 ks i.p.v. 8 ks aan weersk van 2 ks.

16e rondte: Herh 15e rondte, begin met 6 ks i.p.v. 5 ks en 2 ks i.p.v. 6 ks en 2 ks tussen elke dsl i.p.v. 1 ks.

17e rondte: 2 ks in elke 2-ks-sp rondom.

18e rondte: (1 ks, 1 kb) in elke kb rondom, sluit af met gs.

Knip garing af en werk netjies af. Pars met 'n taamlik warm yster oor 'n klam doek en stryk tot dit droog is.